

NUUS

TYDSKRIFTE



 SOEK

 SLUIT AAN

 KONTAK

 VOLG

NETWERK 24



TUIS

NUUS

SPORT

SAKE

STEMME

VERMAAK

ONTSPAN




NUUS

# Trane van ongeloof toe eerste vlug op St. Helena-eiland land



## GEWILDSTE

1.



**DERICK HOUGAARD IN MOTORONGELUK**

Die voormalige Springbok-rugbyspeler Derick Hougaard...

2.



**DISSIPLINÈRE AKSIE KOM TEEN LEERLINGE WAT SEUN BY LAERSKOOI AANRAND**

Leerlinge aan die Laerskool...

3.



**ANIKA SMIT: HOF HOOR VAN SEUN SE MXIT-BOODSKAP OOR 'RITUEEL'**


"Will you give me one ritual. I...



'n Klein stukkie geskiedenis wat 'n reuse-verskil aan die inwoners van die eiland St. Helena gaan maak, het hom Dinsdag omstreeks 15:52 Suid-Afrikaanse tyd afgespeel.



Die eerste vlug land op St. Helena-eiland. Foto: Skermgreep uit video deur Basil Read



Die eerste vlug na die eiland het te midde van 'n feestelike atmosfeer en trane van ongeloof daar geland.

Vir baie van die inwoners was dit ook die eerste keer in hul lewe dat hulle 'n vliegtuig gesien het.

"Dit voel absoluut fantasties en ons is bevoorreg om met

ons eerste vlug deel te word van die groter lughaweprojek op St. Helena," het Grant Brighton, die kaptein van die King Air-vliegtuig, gesê.

Dié Suid-Afrikaanse vliegtuig het Maandag van die Lanseria-

**4.**



#### 'OULAP SE ROOI' VAN LUG GEHAAL NÁ BOM BARS

kykNET het Maandag die kamma-opknapprogram Oulap se rooi...


**5.**



#### DUUR KOEDOEBUL SO BYNA-BYNA BOKVELD TOE

Die koedoebul Hercules, wat die naweek in Thabazimbi 'n...

**6.**



#### DERICK HOUGAARD 'HET LYFSEER EN WHIPLASH, MAAR HY LEEF'

"Hy het bietjie lyfseer en...

**7.**



#### ANIKA SMIT-SAAK: 'KLEIN GUNSIE: MOOR VIR MY'

Haar kêrel moet haar 'n "klein gunsie" doen: Hy moet van...



lughawe af opgestyg op 'n vlug van meer as sewe uur oor Namibië, Angola en daarna oor die see tot op die eiland.

Die reuse-projek om tussen die vulkaanvalleie op die eiland 'n aanloopbaan en internasionale lughawe te bou, het die Suid-Afrikaanse kontrakteur Basil Read vier jaar geneem.


“Ek kan eerlikwaar nie vandag my gevoelens beskryf nie. Jare se beplanning en duisende man-ure het hierdie gebeurtenis voorafgegaan. My gemoed is vol,” het Janet Lawrence, die lughawe-projekdirekteur, gesê.

Lees ook: [Eerste vliegtuig land binnekort op St. Helena-eiland](#)

Die goewerneur van dié stukkie Britse grondgebied, Mark Capes, het gesê die eerste landing is nog 'n stukkie in 'n groter legkaart om dié eiland 'n beter ekonomiese lewensaar te gee. In die verlede het daar net nou en dan skepe aangedoen en enige onderneming in die vervaardigingsbedryf het dus geen vooruitsig op uitvoer gehad nie.

Volgens Brighton het die vlug na die eiland sonder voorval verloop. “Die landing op dié spesiale aanloopbaan was asemrowend.” Hy sal nou die lughawestelsels met spesiale vlugte toets.

Kommersiële vlugte sal na verwagting einde Februarie



spree

live Summer

KOOP NOU ►

volgende jaar begin. Dan gaan die eiland vermoedelik 'n toeristeparadys word.

**MELD AAN** of **REGISTREER** om kommentaar te lewer. Dit neem net twee minute!





